

M A R K U S
Johannes
fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

In die week voor Jesus se kruisiging was daar ‘n paar belangrike gebeurtenisse wat ons herinner aan Sy outoriteit en ons rol.

*Wat is jou verwagting van God? Wat dink jy is Sy rol in jou lewe?*

*Wat dink jy is Sy verwagting van ons?*

**Lees Markus 11:12-25**. Dit is twee stories wat hand-aan-hand gaan. Ons sien hierdie “verpakking” van gebeure regdeur Markus as ‘n manier om sekere teologiese stellings duideliker te maak.



# MARKUS 11:12-25

*Wat merk jy op van Jesus se karakter en optrede in hierdie gebeure? Hoekom dink jy tree Hy so op?*

Jesus is duidelik ontsteld oor wat in die tempel besig is om te gebeur. Verkope en geldwisseling vind op die tempelterrein plaas. In daardie tyd het jy jou beste brandoffers en diere gebring vir tempeloffers – diegene wat van ver af gereis het, kon dikwels nie hul eie diere koop nie en moes in Jerusalem eers ‘n dier koop of geld ruil vir tempeloffers. Dit was algemene praktyk, so Jesus was nie noodwendig kwaad oor die besigheidstransaksies nie, maar die feit dat dit sommer direk op die tempelplein gebeur het – daar waar die heidene (nie-Jode) moes aanbid.

Die tempelamptenare het net aan hulself gedink, nie aan die nasies nie en het waarskynlik ook belaglike pryse gevra vir die dienste.

Jesus haal vir Jesaja en Jeremia aan.




'HULLE SAL EK BRING NA MY HEILIGE BERG, EN EK SAL HULLE VREUGDE LAAT SMAAK IN MY HUIS VAN GEBED; HULLE BRANDOFFERS EN HULLE SLAGOFFERS SAL WELGEVALLIG WEES OP MY ALTAAR; WANT MY HUIS SAL 'N HUIS VAN GEBED GENOEM WORD VIR AL DIE VOLKE. '

*Jesaja 56:7-8*

'HET HIERDIE HUIS WAT NA MY NAAM GENOEM IS, VIR JULLE 'N ROWERSPELONK GEWORD? EK HET GESIEN WAT JULLE DOEN, SÊ DIE HERE.'

*Jeremia 7:11*

**“Want my huis sal ‘n huis van gebed genoem word vir alle volke.”**

*Wat staan vir jou uit in hierdie vers? Wat het die tempelamptenare verkeerd gedoen?*

Die heidene (wat eintlik maar ons is!) word uitgebuit en weerhou van ware teenwoordigheid voor die Here. God se bedoeling was dat daar versoening kom tussen mense en dat Israel en die tempel ‘n lig vir al die nasies moes wees. Hulle was nie besig om vrug te dra nie, maar te oordeel en hul eie reels te maak.

In vers 12-14 het hy opgemerk dat die vyeboom nie vrug dra nie, maar net blare. Dit was die ideale voorbeeld om Sy dissipels te herinner aan wat in die Ou Testament staan:



# Vyeboom



WEE MY! SOOS NÁ DIE INSAMELING VAN SOMERVRUGTE, SOOS NÁ DIE OES VAN DIE DRUIWE, IS DAAR GEEN DRUIWETROS OM TE EET OF VROEË VYE WAT EK BEGEER NIE. DIE GETROUES HET UIT DIE LAND VERDWYN, EN DAAR IS GLAD NIE MEER OPREGTES ONDER DIE MENSE NIE.HULLE ALMAL LÊ EN WAG OM BLOED TE VERGIET; HULLE MAAK JAG OP MEKAAR MET NETTE. ALBEI HANDE STAAN GEREED OM KWAAD TE DOEN; DIE HOË AMPTENAAR EN OOK DIE REGTER VRA 'N OMKOOPGESKENK. JA, DIE VERNAME IS DIE EEN WAT SÊ WAT HY WIL HÊ, EN HULLE VERBIND MENSE DAARTOE. DIE BESTE ONDER HULLE IS SOOS 'N DORINGSTRUIK, DIE OPREGTES ONDER HULLE IS ERGER AS 'N DORINGHEINING. DIE DAG VAN HULLE WAT JOU DOPHOU, DIE DAG OM MET JOU AF TE REKEN, IS OP PAD. NOU GAAN DIE VERWARRING WAT HULLE TREF, AANBREEK! '

*Miga 7:1-4*



"EK GAAN HULLE BESLIS WEGVAT," IS DIE UITSPRAAK VAN DIE HERE. DAAR SAL GEEN DRUIWE AAN DIE WINGERDSTOK WEES NIE, GEEN VYE AAN DIE VYEBOOM NIE, EN DIE BLARE SAL VERDOR."

*Jeremia 8:13*



“WANT KYK, DIE DAG GAAN KOM, DIT GAAN BRAND SOOS 'N OOND. DAN SAL AL DIE VERWAANDE MENSE EN ELKE BOOSWIG KAF WEES, EN DIE DAG WAT KOM, SAL HULLE VERBRAND,”
SÊ DIE HERE, HEERSER OOR ALLE MAGTE, “DAAR SAL NIE WORTEL OF TAK VAN HULLE OORBLY NIE. ’

*Maleagi 4:3*

Die storie van die vyeboom herinner ons daaraan dat Jesus gekom het om te red, maar ook om te oordeel.  Sy oordeel is regverdig en anders as die wêreld s'n.

*Laat ons Hom toe om ons lewe te beoordeel, skoon te maak, te reinig van enige ongeregtigheid?  Het Hy die reg om kwaad en ontsteld te wees?*

Ons doel is om vrug te dra, nie vir onsself nie, maar vir die wat honger en dors na God en ware versoening.  Ons doel is nie om mag in eie hande te neem nie.

Lees weer vers 20-25.  *Hoe dink jy kan jy meer vrug dra in die kerk?  In jou onmiddellike kringe?*

Lees ook **Matteus 7:1-5**.

*Wat sê hierdie bekende verse vir jou vandag?*

Die ware Messias het gekom om ons te red – ALMAL te red – want daar is niemand wat nie fout het nie.  Niemand kan deur die wet gered word nie – dit wys slegs vir ons hoe nodig ons 'n redder in ons lewe het.

Die vloek wat die vyeboom ontvang het, het Jesus op Homself geneem. Hy het dit gedoen sodat die tempelgordyne geskeur kon word en daar versoening kon kom tussen Jode en nie-Jode.  Sodat ons almal kan vrug dra wat tot seën van ons naaste is.

*Waar is jy besig om dalk te oordeel of te verdoem… in plaas daarvan om 'n lig te skyn?*




'CHRISTUS HET ONS LOSGEKOOP VAN DIE VLOEK WAT DIE WET MEEBRING, DEUR IN ONS PLEK 'N VERVLOEKTE TE WORD. DAAR STAAN NAAMLIK GESKRYWE: "VERVLOEK IS ELKEEN WAT AAN 'N HOUT OPGEHANG IS."

Galasiërs 3:13



# REFLEKSIE:

## DRA JY VRUG?
## OF OORDEEL JY?



GEBED:

*Here, help ons om nie gereg in eie hande te neem en te oordeel nie, maar eerder onder U gesag te staan. Kom reinig ons van alle ongeregtigheid sodat ons tot seën kan wees vir ander rondom ons. Mag ons dieselfde passie wat U vir onreg het, hê vir mense om U redding en liefde te ervaar.*

*AMEN.*